# DIE STEDELIKE BEWAREA

Die stedelike bewarea konsep is op dieselfde grondslag geskoei maar werk totaal anders. Hier kry die hele gemeenskap die geleentheid om deel te wees van die bestuur en opgradering van hul omgewing.
Die stedelike bewarea konsep kan in enige stedelike gebied tot stand kom, verkieslik nie 'n te groot gebied met groot bevolkings nie. Kleiner dorpe of voorstede is baie meer "bestuurbaar" .

## VOORBEREIDING VAN INLIGTINGS LESING OOR STEDELIKE BEWAREAS

Die heel belangrikste vir die voorligter is om te glo in die bewarea konsep. Die persoon moet 'n oortuigings vermoe he en geloofwaardig wees en bereid wees om na ure te werk.

Wanneer 'n gemeenskap belangstel in so 'n projek en die Assosiasie genader word om meer inhigting oor die bewarea konsep te verskaf, moet die volgende stappe geneem word.

1. Kry die kontak persoon se telefoon nommer en reel dat al die betrokkenes 'n vergadering hou waar die beampte die inhigting sal oordra. ( Hierdie vergaderings is gewoonhik na ure ) <u>Probeer om 'n verteenwoordigende gehoor van die woongebied of dorp bymekaar te kry.</u>

2. Die persoon moet sorg dat hy ten minste 'n kwartuur voor die aanvang van die vergadering by die lokaal is sodat hy sy projektors in orde kan kry. Moet nie probeer praat sonder enige hulpmiddels nie

## AANBIED VAN DIE INLIGTINGS LESING OOR STEDELIKE BEWAREAS.

Die lesing kan die volgende strekking he;
Begin die lesing deur 'n skyfie te vertoon van 'n tipiese stedelike omgewing.
Wys die omgewingsprobleme uit wat allerdaags voorkom dmv skyfies soos,

- onwettige storting
- vandalisme
- onversorgde sypaadjies
- geraasbesoedeling
- lugbesoedeling
- rommel
- rondloper honde en katte
- indringerplante
- onverantwoordelike ontwikkeling
- wanbestuur van opvanggebiede, rivier oewers en vleilande
- onkundigheid en onverskilligheid.

Die bewarea lede kan nou betrokke raak by die aanspreek van bogenoemde probleme deur pro—aktief op te tree en die ongeoorloofde dinge te rapporteer by die regte owerhede of persone. Daar kan met daadwerklike projekte in die woongebied begin word soos oa;

- boomplantdae te organiseer
- sypaadjie kompetisies te reel
- opruimaksies van rommel in cop ruimtes te organiseer
- omgewingsbewarings aande te reel
- omgewingsopvoedings aksies te organiseer onder die inwoners en gebruikers van die bewarea
- Uitlê van opvoedkundige wandelpad in 'n stedelike gebied.
- Op hierdie stadium kan die vergadering van projekte in ander stedelike bewareas vertel en gewys word.

**WAT IS DIE VOORDELE VIR DIE GEMEENSKAP VAN SO 'N BEWAREA?**

- Stedelike natuurlewe word bevorder.
- Rommelvrye sones word daargestel.
- Skoon en gesonde omgewing.
- Vandalisme verdwyn.
- Kennis oor die omgewing word bevorder.
- Waarde van eiendom verhoog.

## HOE WORD 'N STEDELIKE BEWAREA GESTIG?

**Verkies 'n lootskomitee met die volgende take;**
*Bepaa]. die gebied
*Verken die gebied
*Verkies 'n komitee wat verteenwoordigend is
*Stel 'n konstitusie op
.Registreer by provinsiale Assosiasies en overhead

In die konstitusie sal daar bepaal word wat die doelstellings van die bewarea is, die hoeveelheid algemene en bestuursvergaderings wat gehou gaan word, finansies, ens.
Hierdie tipe bewarea gee die publiek ook die geleentheid om betrokke te raak in die bestuur van die omgewing en is 'n groot bondgenoot van die plaaslike owerhede. Hier kan daar genoem word hoekom. Dinge soos vandalisme, verstopte afvoerpype, beskadiging van parke ens.

## VOORDELE VIR GEMEENSKAP

- Natuurlewe word bevorder
- Rommelvrye zones word daargestel
- Gesonde en gelukk!ge gemeenskap
- Skoon omgewing
- Vandalisme verdwyn
- Kennis oor die omgewing word bevcrder

## BETROKKENHEID VAN GEMEENSKAP

- Reordering Van Rommelstrooiing
- Rapporteer Ongewensde Plante
- Hou Natuurbewarings-Aande
- Maak Ander Bewus Van Omgewing
- Moedig Besighede Aan Om Sy Omgewing Te Verfraai
- Rapporteer Ongewensde Optredes Deur Publiek
- Ontwikkel 'N Opvcedkundige Wandelpad In Dorp
- Moedig Publiek Aan Cm Omgewing Op Te Gradeer
- Bevorder Die Natuurlewe

## HOE OM N STEDELIKE BEVAREA TE STIG

1. Bepaal die gebied.
2. Verken die gebied
3. Kry verteenwoordigende gehoor van dorp of woongebied.
4. Verkies ‘n komtiee wat verteenwoordigend is.
5. Stel doelwitte op.
6. Stel ‘n konstitusie op.
7. Registreer by DACEL en provinciale assosiasie

## OMGEWINGSPROBLEME WAT AANGESPREEK MOET WORD

- Wanbestuur van natuurlike water.
- Onverantwoordelike ontwikkeling
- Algemene besoedeling.
- Onwettige storting.
- Vermeerdering van indringer plante. Vandalisme.
- Onkundigheid en onverskilligheid.